

Lied oor Niemandland.

Jan Rabie

Vrae

LETTERLIK

Vraag 1.

- 1.1. Wie is die hoofkarakter in die verhaal? (1)
- 1.2. Wat se tipe oorlogsgevangene was hy? (1)
- 1.3. Wat het hulle met die dorp gedoen terwyl hy 'n krygsgevangene was? Gee TWEE feite. (2)
- 1.4. Wat moes hulle doen om die grenslyn te kon maak? (1)
- 1.5. Hoe lank was die skeiding al daar toe die hoofkarakter vrygelaat was? (1)
- 1.6. Wat was die fisiese / konkrete teken van die skeidslyn wat opgerig was? (1)
- 1.7. Wie het die skeidslyn gepatroleer om seker te maak niemand aan beide kante van die grenslyn probeer na die ander kant toe gaan nie? (1)
- 1.8. Waar was die markplein? (1)
- 1.9. Wat het hulle met die ou markplein gedoen? Noem TWEE feite. (2)
- 1.10. Hoekom het hulle dit gedoen? (1)
- 1.11. Met wat se tipe vervoer het Evert teruggekom?
- 1.12. Wie het Evert op die stasie gaan haal? (1)
- 1.13. Wat het sy gedoen toe sy hom sien? (1)
- 1.14. Wat was Evert se reaksie toe sy ma hom vertel wat met die dorp gebeur het? (1)
- 1.15. Waarnatoe het Evert baie vinnig geloop met sy ma? (1)
- 1.16. Wat het Evert gedoen toe hulle daar kom? (2)
- 1.17. Wat vertel sy ma het eennag met 'n seun tussen die drade gebeur? (1)
- 1.18. Hoe lank was Evert weg gewees? (1)
- 1.19. Wat het Evert gedog gaan hy doen as hy terug by die huis kom? (1)
- 1.20. Het Evert daardie aand of die dae daarna van Anna gepraat? Haal aan uit die storie om jou antwoord te staaf. (2)
- 1.21. Wat het sy ma gedoen om hom nie aan Anna te herinner nie? (1)
- 1.22. Waar het Evert werk gekry? (1)
- 1.23. Waar was die plek? (1)
- 1.24. Wat het hy elke aand na werk gedoen? Noem TWEE feite in jou EIE WOORDE. (2)
- 1.25. Wanneer was daar 'n sneeustorm? (1)
- 1.26. Wie was by die huis toe Evert daar kom? (1)
- 1.27. Wat sê sy ma het sy van Anna gehoor? (2)
- 1.28. Wat het Evert gedoen om vir die meisie te wys sy is nie welkom nie? Noem TWEE feite. (2)
- 1.29. Wat het van die muur afgeval omdat Evert daarteen gestamp het? (1)
- 1.30. Waaraan het dit gehang? (1)
- 1.31. Hoekom sê sy ma later dat die oorkantste mense sleg is? Noem TWEE feite. (2)
- 1.32. Wat was Evert se antwoord hierop? Haal sy DIREKTE woorde aan. (1)
- 1.33. Hoe was sy gemoedstoestand terwyl hy dit gesê het? (1)
- 1.34. Hoekom het Evert sy arms om sy ma gesit? (1)
- 1.35. Wat sê Evert se ma sal haar dood meer aanvaarbaar maak? (2)
- 1.36. Wat het Evert daardie aand by die huis gaan haal? (1)
- 1.37. Wat het die wagte gedoen toe Evert hulle nader? (1)
- 1.38. Wat het Evert vir die wagte gesê? Haal sy DIREKTE woorde aan. (1)
- 1.39. Wat was een van die wagte se antwoorde hierop? Sê dit in jou eie woorde. (1)
- 1.40. Waarvandaan was hierdie wag? (1)

- 1.41. Hoe het hy gevoel oor sy twee jaar diensplig? (1)
- 1.42. Wie het hy met hierdie emosie verbind? (1)
- 1.43. Wat het Evert vir die wagte gesê sodat hulle nie moet dink hy is daar om moeilikheid te maak of om na die anderkant te probeer gaan nie? Haal sy DIREKTE woorde aan.
- 1.44. Wat het Evert toe met sy kitaar gedoen? Gee TWEE feite. (2)
- 1.45. Hoekom het Evert 'n spesifieke lied gespeel? (1)
- 1.46. Wat was die wagte se respons hierop? Sê wat ALBEI gedoen het. (1)
- 1.47. Wat was die reaksie van die mense aan die anderkant van die heining terwyl Evert gesing het? Gee TWEE feite. (2)
- 1.48. Wat het die wagte gedoen terwyl sy kitaar gespeel en gesing het? (1)
- 1.49. Wanneer het Evert huistoe gegaan? Sê dit in jou eie woorde. (1)
- 1.50. Wat het die mense aan sy kant van die heining gedoen toe Evert gesing het? (1)
- 1.51. Waar het Evert gaan sit om warm te word toe hy by die huis gekom het? (1)
- 1.52. Wat het Evert gedoen toe sy ma met hom gepraat het toe hy voor die vuur gesit het? (1)
- 1.53. Wat het Evert gesê sal hy doen as Anna kom? (1)
- 1.54. Wat het Evert die volgende aand gedoen? Sê dit in jou eie woorde. (3)
- 1.55. Wat het vreugde in sy oë gelaai nadat hy vir 'n kort tydjie gespeel het? (1)
- 1.56. Wat se kleur was die rok wat Anna gedra het? (1)
- 1.57. Beskryf Anna se haarstyl. Gee TWEE feite. (2)
- 1.58. Waar het sy gaan staan. Sê dit in jou eie woorde. (1)
- 1.59. Wat het Anna toe gedoen terwyl Evert die kitaar gespeel en gesing het? (1)
- 1.60. Wat was die wagte se reaksie? Sê dit in jou eie woorde. (1)
- 1.61. Wat was die reaksie van die dorpenaars aan beide kante van die skeidslyn? Gee TWEE feite. (2)
- 1.62. Watter VIER dinge het die doprenaars in gemeen met Anna en Evert? (4)
- 1.63. Hoekom het Evert Ana bedank? (1)
- 1.64. Hoekom maak dit nie aan Evert saak dat Anna aan iemand anders verloof was nie? (1)
- 1.65. Wat het die wagte toe gedoen? (2)
- 1.66. Wat sê Evert vir Anna voordat hulle van mekaar skei? Gee TWEE feite. (2)
- 1.67. Wat se seëning wens Evert Anna toe? (1)
- 1.68. Wat het vir een aand, en vir 'n lang tyd in herinnering in die dorp met die skeidslyn gebeur? (1)

LETTERLIK

- 2.1. Verduidelik wat krygsgevangenskap is? (2)
- 2.2. Hoekom dink jy is dit effektief dat die skrywer die woord "gesny" gebruik het en nie "verdeel" nie? (2)
- 2.3. Verduidelik hoekom die ou markplein in die hart van die dorp omgeploeg en gelykgehark is sodat spore kon wys? (2)
- 2.4. Verduidelik: "toe die koue weer kom het die lang skeidende sleepsels van die dood stekelig en bar teen die sneeu afgesteek." (4)
- 2.5. Die voorhandliggende rede hoekom Evert se ma geuil het toe sy hom op die stasie gaan haal het was omdat sy haar seun vir so lank nie gesien het nie en bekommerd oor sy veiligheid gedurende die oorlog en in die tronk was. Daar kan TWEE ander moontlike redes ook wees. Wat is dit? (4)
- 2.6. Verduidelik hoekom sy ma hom huis toe moes lei? (2)
- 2.7. Wat se emosies het Evert ervaar toe sy ma hom vertel wat met die dorp gebeur het soveel so dat hy wit om die mond geword het? (2)

- 2.8. Hoekom het nie een van hulle 'n woord gesê oppad markplein toe nie? (1)
- 2.9. Verduidelik: "na die markplein gehaas" en hoekom het hulle dit gedoen? (2)
- 2.10. Hoekom het hy daar gaan staan met sy somber gesig na die ander kant gedraai? (1)
- 2.11. Wat sê dit vir ons oor die maatreëls van oorllop van die een kant na die ander kant as sy ma sê: "'n Seun is een nag daar tussen die drade geskiet."? (2)
- 2.12. Hoekom dink jy is Evert se gesig so oud en verwese soos sy moeder s'n? (2)
- 2.13. Hoekom dink jy het Evert elke aand op pad huis toe 'n tyd lank aan die rand van die plein deur die winter-grysheid na die huise aan die oorkant gestaan en staar? (1)
- 2.14. Hoekom dink jy het Evert se ma 'n ander meisie aan hom probeer voorstel? (1)
- 2.15. Hoekom dink jy het Evert se ma later gesê: "Die oorkantse mense is sleg, hulle gooi klippe oor na ons, en hulle vloek ons met nuwe name wat hulle aan die ander kant geleer het." (2)
- 2.16. Hoekom sal mense, wat geskei word soos met die dorp gebeur het, mekaar begin haat? (2)
- 2.17. Hoekom sal Evert se ma se sterwe draaglik wees as sy eers 'n kleinkind in haar arms kan hou? (1)
- 2.18. Verduidelik hoekom die sneeu in die strate in 'n vuil pappery verander het, maar op die plein het dit skoon en wit geglans? (2)
- 2.19. Hoekom het Evert se oë gegloei toe hy daardie aand oppad huis toe was? (1)
- 2.20. Hoekom dink jy was sy moeder angstig? (1)
- 2.21. Hoekom het Evert langsaam in die diep skoon sneeu tot waar die wagte gestaan en kyk het, geloop. (2)
- 2.22. Verduidelik: "Hulle het hul gewere dreigend gelig." (2)
- 2.23. Wat sê dit vir ons van die wagte as die een wag sê: "Wat daarvan..." toe Evert vir hulle sê dat sy meisie aan die ander kant is? (1)
- 2.24. Verduidelik die volgende oor wat gesê word van die een wag:
 - Hoe hy voel oor die situasie in die dorp omdat hy van 'n ander provinsie is. (1)
 - Sê die volgende stelling waar of onwaar is. Sê ook hoekom jy so sê. *Die diensplig in die betrokke land is vrywillig.* (2)
 - Verduidelik in jou eie woorde: "die mense van die dorp waar hy gestasioneer was, met die haat verbind." (3)
- 2.25. Verduidelik: "...waar die aand skaduwig teen die mure aan die aanbou was." (1)
- 2.26. Hoekom sê Evert: "Ek respekteer mos jul heining." (1)
- 2.27. Hoekom het hy 'n wysie wat hy vroeër veel gespeel het omdat dit Anna se liefliedslied was, uit die snare begin slaan? (1)
- 2.28. Wat het die een wag gedink omdat hy sê: "Laat ons sien of sy nog sy meisie is."? (1)
- 2.29. Verduidelik: "doringdraad-wronge" (2)
- 2.30. Verduidelik: "die bleek ovale van hul gesigte sy kant toe draai en dan weer met die skemer saamsmelt." (2)
- 2.31. Hoekom was Evert se stem eers hees waarna dit sterker geword het? (2)
- 2.32. Hoekom dink jy het hy teruggehaas deur die menseklompie versamel aan die rand van die plein? (1)
- 2.33. Verduidelik die tweerlei betekenis van: "Hy was koud." (2)
- 2.34. Hoekom het sy glimlag voor die vuur sy ma bang en stil in haar skommelstoel laat terugsit? (1)
- 2.35. Hoekom sê Evert: "Moeder, as Anna kom, sal ek trou met wie Moeder ook al wil." (1)
- 2.36. Verduidelik: voor die geweer-monde gaan staan." (1)

- 2.37. Hoekom het Evert somber bly staar na die huise aan die ander kant.
- 2.38. Hoe effektief is die volgende uit die storie en hoe pas dit in die konteks van die storie? "...vreugde in sy oë gelaai het." (2)
- 2.39. Het Anna regtig gesukkel om deur die sneeu te loop as die skrywer sê: "langsaam asof met moeite"? (1)
- 2.40. Hoe pas die kleur van Anna se rok en haar haarstyl by die tema van die verhaal? (2)
- 2.41. Verduidelik: "Sy hande het die akkoorde vanself gevind, en sonder dink het hy die wysie se woorde begin sing." (2)
- 2.42. Wat vertel dit vir ons as Anna saam met hom begin sing? (2)
- 2.43. Verduidelik: "Die wagte het gestaan soos verkoolde boomstamme in 'n oop plek waar voëls nog sing." (2)
- 2.44. Verduidelik: "Na agter, aan albei kante van die plein, het die dorpenaars swyend versamel om te luister. En vir hulle asof hulle ook saamsing, het die twee eenvoudige stemme vertel van al die pyn en seer en verlang en onmoontlik verlangde vreugde wat ook hulle s'n was." (2)
- 2.45. Hoekom het die wagte op hulle geskreeu? (1)
- 2.46. Verduidelik: "Maar vir een aand, en vir 'n lang tyd in herinnering, het sang niemandsland oorkruis om 'n trotse vrede uit een man se pyn the skep, en vir almal wat gehoor het, 'n boodskapper te wees."

VORMASPEKTE

Vraag 3

- 3.1. Wat se tipe verteller is aan die woord in die storie? (1)
- 3.2. Wat is die tema van die verhaal? (2)
- 3.3. Wat is die stemming in die verhaal? (2)
- 3.4. Verduidelik hoe die milieu perfek pas by die stemming van die verhaal? (5)
- 3.5. Verduidelik die simboliek van Evert se aksies teen die einde van die verhaal m.b.t. die tema. (5)
- 3.6. Verduidelik die simboliek van Anna se voorkoms m.b.t. die tema van die verhaal. (5)
- 3.7. Wie is die protagoniste in die verhaal? (3)
- 3.8. Wie is die antagoniste in die verhaal? (2)